

Die Rietfluit



Rietfluit familiebrief

Februarie 2007



24/7 Christenwees

Ons het afgeskop
(bergpreek Mat 5-7) van die Here Jesus vir
koning is.



met die *grondwet*
ons, in wie se lewe Hy

Elke saligspreking tot dusvêr het reeds 'n positiewe invloed op lewens en talle getuig van 'n nuwe ontmoeting met die Here asook 'n nuwe besef van wat christenskap in die lewe van elke dag beteken. Ander beleef veral in die kleingroep, hoe die saampraat oor die saligsprekinge nuwe lig laat deurbreek het en hul lewe verander het.

Bid vir hierdie jaar se deurlopende aandag aan hierdie allerbelangrike onderwerp:

- Bid asb vir elke Sondag se hantering van die saligsprekinge
- Bid vir dieper insig
- Bid vir gehoorsaamheid en uitlewing
- Bid vir lidmate se erediensbywoning om saam te deel in *24/7 christenwees*
- Bid vir die kleingroepe en skakel in.

Deel die seën van hierdie reeks met ons. Skryf 'n nota of briefie en plaas in kollektiebordjie of laat kerkkantoor dit kry.

Seën vir jou!

2007 is die jaar van praktiese Christenskap

Vitnodiging

Is u nog jong van gees, wil u graag op uitstappies na interessante plekke gaan, gaan fliiek of rustig saam met tydgenote verkeer?


Lidmate bo 65

Dan is die Kuierhoekie so 'n tuiste vir U! 'n Tuiste waar dié van ons wat reeds daar is al bogenoemde doen en ook saam bid en in mekaar se lief en leed deel. Kosbare vriendskappe word so gesmee.

Vir

verdere
inligting:

ds. Ernst Rischmüller (330 0632) of
Sophie von Brandis (331 3993)



SENDINGWEEK 2007 18 - 25 FEBRUARIE 2007

Wonder u soms " hoe verskil Christene en Moslems ? Glo almal nie maar in dieselfde God nie? Gaan hulle wat Moslems is en in my straat bly, saam met my werk of in Laudium of Koerdistan bly, nie maar ook eendag hemel toe nie?"

Ons het die antwoorde by vanjaar se Sendingfees gekry!! Dit was 'n ervaring om te hoor hoe die Here op wonderbaarlike wyse te werk gaan om menseharte aan te raak!!

So. 18 Feb. DIE JEUG het om 18:30 tydens die aanddiens Louis Scheepers DVD: Getuienis van 'n Moslem man wat 'n Christen geword het.


Ma. 19 Feb. – Do. 22 Feb. die DVD oor: Verskille tussen dit wat Christene en Moslems glo, het aspekte soos triniteit, die verlossingswerk van Jesus en Sy Goddelike aard as verskille uitgewys

Sa. 24 Feb. Besoek aan Laudium (RCA Charisma, Moslem Moskee, Hindie Tempel.

So. 25 Feb. 9:00 Sendingdiens en Gelooffer-belofte

Met groot dank aan elkeen wat die Here vir 'n bepaalde bedrag vertrou om die woord aan Koerde, Moslems, nasies in Afrika en in die ooste uit te dra.

Nuwe Intrekkerbediening



'n


Wanneer 'n nuwe lidmaat die eerste keer in nuwe gemeente instap, is daar net 'n see van nuwe gesigte - almal totaal onbekend, maar die persoon wil daar wees omdat hy/sy 'n afspraak met hul Hemelse Vader het en saam met hul medegelowiges wil aanbid.

Liewe nuwe intrekker, u medegelowiges van die NG gemeente Rietfontein-Suid, wil u almal verwelkom en tuis laat voel by ons. Dus wil ons u versoek om die spesiale kaartjie vir nuwe intrekkers by die hoofdeur te voltooi en in die houtbussie daar te plaas. Indien u by die sydeure ingekom het, kan u die kaartjie wat in die kerkbank beskikbaar is voltooi en by die hoofdeur in die houtbussie of in die kollekte bord gooi.

Die foto's van on nuutste lidmaatbyvoeding, word in die Maart Rietfluit geplaas!!

Woord en lied : Sondag 11 Maart 9:00 met erediens


Francois en Elizabeth



Nooi familie en vriende saam na hierdie besondere diens!!

Huwelikspare - Verloofdes
- Gesinne
UITNODIGING !!!

Gesinsfees van 2007!



Vanaf Sondag 22 April tot Woensdag 25 April vind die jaarlikse groot geleentheid plaas wat vir alle ouers en huwelikspare in die Moot raak nl **die gesinsfees**.

Hierdie jaar is ons uiters bevoorreg om die bekende skrywer en familiekerk-leraar uit die Kaap, by ons as prediker te hê.

Dr Ewald van Rensburg is leraar van die NG gemeente Hottentots-Holland, bekend as die familiekerk.

Moenie hierdie geleentheid misloop nie. Beplan hiervoor en bid asb hiervoor saam met ons.

Ons bied u die geleentheid om ook hierdie gebeurtenis te ondersteun deur:

- Borge vir banier, reklame en advertensies in Rietmark asook vir biljette se druk en verspreiding.
- Praktiese hulp met die beplanning en tydens die week
- Finansies vir betaling van prediker se koms en optrede


Ons dank aan 'n bekende gastehuis in die omgewing wat reeds die verblyf en etes van dr Ewald borg! Iemand het alreeds aangebied om 'n motor vir hom beskikbaar te stel tydens sy verblyf.

Onthou om die volgende datums as gesinsfees uit te sonder:

So 22 April – Wo 25 April 2007

Navrae: Gert Kok 072 1202 952

Ds Leon van Heerden 012 331-3023



Spreker:
Ewald van Rensburg
– **bekende skrywer** –
vanaf
Hottentots-Holland
Familiekerk
Somerset-Wes